


**DIE BEELD (GEAARDHEID, NATUUR) HERSTEL**

📖 *"Hy is die beeld van die onsienlike God, die eersgeborene van die hele skepping." – Kolossense 1:15*

Wanneer God gesê het: *"Laat Ons mense maak na Ons beeld,"* het Hy 'n ewige doelwit uitgespreek. Maar toe die sondeval plaasvind, is daardie beeld geskend, nie net beskadig nie, maar totaal verlore.

Paulus stel dit duidelik in Romeine 3:23: *"Want ALMAL het gesondig en dit ONTBREEK hulle aan die heerlikheid (Sy Beeld) van God."* Die Griekse woord vir HEERLIKHEID/BEELD is *"Doxa"* en beteken: *What God is and can do as it was in Jesus Christ and manifested through Him.*

Liewe Vriende, geen mens na Adam dra God se Beeld nie. En tog… hier volg iets belangrik… God het nie van plan verander nie. Hy stuur die Laaste Adam, Jesus Christus, nie net om ons te red nie, maar om die oorspronklike Beeld te herstel. Lees Genesis 1:26-28. Christus is nie 'n storieboek voorbeeld nie; Hy ís die Beeld van 'n Onsienlike God (1 Tim. 1:17; Kol. 1:15). Sien jy Hom sien jy God. In Hom woon die volheid van die Godheid liggaamlik (Kol. 2:9).

En wanneer jy Hom ontvang met weergeboorte, woon dié volheid van die Godheid weer in jou (Kol. 2:10), net soos voor die sondeval. Dan word jou menslike beeld vervang met sy Goddelike Beeld soos jy 'n pad met Hom loop en jou eie-ek, ego of self-lewe neerlê sodat Hy in jou kan opstaan as Hoof van jou lewe.

Vriende Christus in jou is nie 'n leerstelling nie. Dis 'n werklikheid wat blomtyd beloof. Die ou mens sterf saam met Hom en in jou unieke menswees, begin iets nuuts groei: Die veelkleurige openbaring van Sy lewe, karakter en heerlikheid, Sy Beeld. God se plan het nie misluk nie. Dit word in Christus vervul.

💭 **Nadenke:** Dra jy God se Beeld of net 'n godsdienstige skaduwee daarvan? Wat keer jou om die volle heerlikheid van Christus in jou uniekheid te openbaar?